Artikel van www.homeschooling-curriculum-guide.com

"Voorbereiding vir lees"

deur Willemien Krüger © September 2012

Om jou kind te leer lees is slegs 'n stap in die proses van die leer van klomp dinge. Voor mens by die regte leer lees aksie uitkom is daar aksies wat 'n ouer kan doen om die kind te help voorberei vir lees. Hierdie artikel gaan praktiese dinge kategoriseer wat jy met jou kind kan doen voor 7 jaar oud om hom/haar te help voorberei. Dit is belangrik om te weet dat die ouderdom van 7 jaar wat die verpligte skoolgaan ouderdom is en dus dan leer lees – slegs 'n gemiddelde ouderdom tussen 4 en 11 jaar oud is waarbinne kinders kan leer lees. Daar is die "Institute for the Achievement of Human Potential (www.iahp.org)" wat ouers aanmoedig om die vaardigheid van lees op so jong ouderdom soos 4 jaar reeds te ontwikkel. Gebaseer op hierdie aanhaling deur Ruth Strang

"Reading is more than seeing words clearly, more than pronouncing printed words correctly, more than recognising the meaning of isolated word. Reading requires you to think, feel and imagine." – sal ek persoonlik ouers aanbeveel om te onthou dat jy besig is om 'n 'heel' kind op te voed – om volwasse te word nie net intellektueel nie, maar ook sosiaal, emosioneel en geestelik. Daar is soveel ander kennis en vaardighede wat kinders ontwikkel in die vroeë jare, maar jy sal weet as jy 'n kind het wat visueel aangelê is en wil leer lees op 'n jong ouderdom. Ek glo wel dat die vaardgheid van lees krities belangrik is vir die jong generasie wat toegegooi word met inligting deur die media, internet, boeke ens. waar nie net die vermoë om te lees nie, maar ook om te onderskei en analiseer wat jy lees belangrik is vir groei. Maar kom ons fokus nou eers op dit wat jy kan doen om die omgewing te skep wat nodig is om leesvoorbereiding te stimuleer. :

Ouderdom 0 – 2 jaar : Hierdie fase se belangrikste doelwit in die voorbereiding van lees is om 'n kind se **kommunikasie vaardighede te bou deur gedurig met hom/haar te gesels** oor die omgewing rondom hom/haar.

- Ondersteun kommunikasie – GESELS, LUISTER, VRA vrae en hê gesprekke met jou kind oor alles – elke uitstappie, aktiwiteit, mense en dinge of gebeure in haar/sy wêreld. (moenie babataal praat nie, gebruik regte woordeskat)
- Lees vir hom/haar – 'n variëteit boeke, prente of nie-prente boeke, gebruik goeie boeke.
- Sing liedjies en leer rympies.
- Stimuleer oog ko-ordinasie deur observasie en oplettendheid aan te moedig vir klanke, kleure en vorms oral oor.
- Stimuleer oog-hand ko-ordinasie deur speel – met balle, buite en met verskeidenheid van dinge.
- Ondersteun die ontdekking van sy/haar eie liggamsdele en hoe dit verband hou met die ruimte rondom (ruimtelike verhouding begrip).

Ouderdom 2 – 4 jaar : Hierdie fase se belangrikste doelwit is om **self-vertroue met kommunikasie** te ontwikkel deur gesels, luister, help met woordeskat en die antwoord van al daardie snaakse vrae.

- Soos reeds genoem : Ondersteun kommunikasie – GESELS, LUISTER, VRA vrae en hê gesprekke met jou kind oor alles – elke uitstappie, aktiwiteit, mense en dinge of gebeure in haar/sy wêreld. (moenie babataal praat nie, gebruik regte woordeskat)
- Hou aan om hardop voor te lees vir jou kinders (met jou kind op jou skoot sodat hy/sy die prentjies kan sien) – BESPREEK die boek, VRA vrae, vra kind om TERUG TE VERTEL wat gelees is, stop by 'n punt in die storie en vra wat dink hy/sy gaan volgende gebeur ens. As jy lees, wys met jou vinger waar jy lees, laat kind toe om bladsye om te blaai, bespreek die prentjies en laat enige gesels toe of vrae van die kind.
- Nou is die tyd om vir die kind haar/sy eie biblioteek kaartjie te kry en dit gereeld te besoek. Help die kind om geskikte boekies vir hom/haarself te soek.
- LUISTER goed as jou kind jou 'n storie vertel of vrae vra, of deel oor sy/haar lewe, en korrigeer woordeskat op 'n sagte manier.
- Help jou kind bewus raak van die wêreld van woorde en die rykheid daaraan deur 'n voorbeeld te stel in die gebruik van 'n wye woordeskat en deur jouself reg uit te druk wanneer jy gesels oor die lewe, gebeure, emosies of situasies.
- Laat jou kind die verskil tussen prente en woorde sien en kyk in detail na die prente.
- Moedig nuuskierigheid aan – in boeke, die natuur, die tuin, diere, die lug, die weer, speelgoed, hoe dinge werk ens. en bespreek/beskryf met woorde die verskeidenheid van klanke, vorms en kleure in die omgewing.
- Wees oplettend en lees allerlei media – advertensies, produk detail, koerante, tydskrifte ens. sodat jou kind agterkom dat 'dinge om te lees' oral is.
- Skep 'n 3D omgewing (wye oop spasie vir hardloop, bome om te klim, 'n klimraam om te ontdek, op te hang, omgewing om op en af te beweeg) wat verkieslik buite beskikbaar is vir kind se groot motoriese vaardighede om te ontwikkel.
- Speel met jou kind veral met balle – gooi, vang, rol vir mekaar, skop ens.

- Gee instrukties vir hom/haar om te volg met spesifieke detail soos om al die blou balle in ‘n sak te gooi, of gee 5 treë, draai dan links en loop nog 5 treë, draai dan om en kom terug na jou.
- Omdat lees insluit geheue, detail aandag, die begrip van logika en volgorde, die vermoë om te kontekstualiseer en voorspel, is dit sinvol om geheue, kategorisering, patroon en logiese volgorde speletjies te speel insluitende legkaarte bou.
- Moedig kreatiewe werk aan deur inkleur, verf, die maak van dinge van bokse, strooitjies of enige ander boumateriaal, speel met kleideeg (tuisgemaak of gekoop), of modder en water sal ewe goed werk.
- Hê materiaal en goeters beskikbaar vir hom/haar om mee te bou soos blokkies, hout, Lego, Fischerteknik ens.
- Luister na musiek, liedjies en stories.

Ouderdom 4 – 6 jaar : Hierdie fase se belangrikste doelwit is om **emosionele sekuriteit en ‘n sterk fondasie** te gee soos wat die kind lees gaan uitprobeer.

- Al bogenoemde moet steeds gebeur, en sal ook gebeur in ‘n natuurlike huisomgewing beskikbaar om te geniet. Belangrik om op te let is dat ‘n huisomgewing slegs genietbaar is indien mens genoeg tyd spandeer by die huis…’lang vry dae by die huis’ is belangrik wanneer kinders jonk is. Om groot te word in ‘n karsitplek is nie die ideaal nie.
- By die huis wees impliseer ook dat jy beskikbaar is vir jou kinders – op ‘n emosionele, sosiale en intellektuele vlak
- Hardop voorlees vir jou kind is steeds belangrik, lees veral so vir ‘n wye woordeskat – nie net kort storie boeke nie. Die keuse van boeke is belangrik, want daar is vandag ‘n klomp ‘twaddle’ in die mark.

Op hierdie ouderdom sal ouers ervaar dat sommige kinders ‘n belangstelling toon om te wil leer lees, veral dogtertjies. Onthou egter dat hierdie ouderdom steeds baie jonk is en as jou kind (veral seuntjies nog nie ‘n belangstelling toon nie, moenie angstig word nie, hy is ‘normaal’ en mag dalk net nog ‘n paar jaar nodig hê voor die belangrikheid of belangstelling in lees ontwikkel)

Sommige indikators dat ‘n kind gereed is om te wil leer lees sluit in (bo en behalwe dit duidelik vir jou vrae of sê dat hy/sy wil leer lees) :

1. Is kind *entoesiasties* en kan hy/sy ‘speel-lees’? (kan hy/sy boek vashou, bladsye omblaai, kyk na prentjies en daaroor gesels)
2. Kan kind hom/haarself uitdruk in woorde (gesels) met ‘n redelike groot woordeskat en luister na instruksies en dit uitvoer ?
3. Geniet die kind stories, liedjies en rympies en onthou hy/sy van dit ?
4. Kan kind na detail in prentjies kyk en dit beskryf en objekte sorteer en klassifiseer ?
5. Kan kind ‘n storie terugvertel in die regte volgorde ?
6. Kan kind ‘n storie van prentjies maak ?
7. Kan kind klanke, letters en prentjies kopieer wat jy maak ?
8. Kan kind ooreenkomste en verskille herken ?
9. Kan kind sy/haar eie naam klank en dalk ook skryf ?
10. Kan kind goed sien en hoor en onderskei tussen verskillende klanke, kleure en objekte ?
11. Is kind se hand-oog ko-ordinasie goed ontwikkel ?
12. Kan kind konsentreer vir die duur van ‘n storie ?

As ‘n kind gereed is om te leer lees, ondersoek verskillende leerlees programme. Daar is verskeie in die mark, en hulle sal verskil in wat jou smaak pas of nie. Die belangrike ding om te onthou is dat jy moet iets kry waarmee jy gemaklik is en prakties kan verstaan en gebruik. Onthou ook altyd dat kurrikulum kan aangepas word, bygevoeg word of verander om jou styl beter te pas.

Die leer van lees kan ook baie natuurlik wees as jy die klanke van die spesifieke taal ken, wat jy jou kind wil leer lees. Soos wat jy dan voorlees vir jou kind, kan jy eenvoudig die klanke begin ‘uitklank’ soos bv. ‘k-a-t’ en sê dan ‘kat’. Enige taal bestaan gewoonlik uit ‘n sekere hoeveelheid klanke of klankkombinasies. Daarom is leer lees eintlik ‘n memorisering van die verskillende klank’prentjies’. Ek het persoonlik die meeste baat gevind by Ruth Beechick’s se boek genaamd ‘A home start in reading’ waar die stappe om ‘n kind te leer lees in detail uiteengesit is. Op hierdie manier kan mens snap wat die logika van die proses is, en daarom dit dan net aanpas vir jou taal. Ingesluit in die boek is die vokaal en konsonant kaarte vir die engelse taal. Toe ek dus my eie kinders moes leer lees het ek gesoek vir die Afrikaanse taal vokaal en konsonant klankkaarte wat ons eerste taal is.

Die twee hoof groepe van leer lees strategieë sluit in die ‘fonetiese’ metode vs die ‘kyk en sê’ metode. Met die fonetiese metode word die klanke van die letters geleer sodat enige woord gelees kan word deurdat die klanke of klankkombinasies geklank word. Die ander metode fokus op die leer van ‘n verskeidenheid woorde in geheel en so bou die kind uiteindelik ‘n woordeskat op van woorde wat hy dus as geheel onthou. Meeste metodes sal ‘n kombinasie van die twee metodes gebruik, want mens moet die klanke ken om enige woord te lees, maar bou in elk geval uiteindelik ‘n reeks woorde op wat jy herken en dus maak dat jy vinniger kan lees.

Selfs wanneer ‘n program gebruik word, volg altyd die kind se eie tempo van leer. Min maar gereeld is die beste (5-10 minute per dag) - ‘elke dag ‘n bietjie’ werk beter as om ‘n klomp werk in ‘n dag te probeer doen en ander dae niks nie. Onthou ook dat die

hersiening van klankies wat reeds geleer is, belangrik is. Moenie te haastig wees om al die klanke so vinnig as moontlik te probeer leer nie, en wees gereed vir ‘n lang fase van vlot leer lees. Moenie bekommerd wees as die kind se leer lees pogings nie perfek is nie, dit sal verbeter oor tyd.

Dit is gewoonlik meer effektief om te leer lees en skryf tesame. Skryf is ‘n tegniese handvaardige ding om te doen en ‘n kind se fyn-motoriese vaardigheid moet reg wees voor mens te vroeg begin met die leer van skryf.

Ouderdom 7 - 9 jaar : Hierdie fase se belangrikste doelwit is om **geduldig jou kind se lees pogings aan te moedig en te ondersteun** soos wat jy saamlees, luister en daaroor gesels op ‘n daaglikse basis in die proses om ‘n lesertjie te word wat vlot lees.

- Hierdie ouderom is die ouderdom waar meeste skoolkinders regtig leer lees en vlot raak in die vaardigheid. Meeste seuns begin darem ook nou ‘n belangstelling toon in lees. As dit ook eers nou die ouderdom is waar jy gereed voel om jou kinders te leer lees, dan is dit reg vir jou.
- Een ding wat ek baie waardevol gevind het in die ondersteuning van leer lees is om my kinders se woordeskat uit te brei met die lees van nie-fiksie boeke oor ‘n verskeidenheid onderwerpe. Die hoofdoel in hierdie Fondasie fase jare, was dus nie om soseer al die feite te leer nie, as om woordeskat uit te brei soos wat my kinders ongewone en nuwe woorde ‘hoor’. Die lees van komplekse (groot) woorde was dus nooit ‘n probleem nie, want die kinders het genoeg klanke gehoor om die ‘klanke’ te kon raai in vreemde woorde. Ons het beurte gemaak in die lees van paragrawe, afhangende van hulle motivering en vaardigheid van die dag.
- Dit was ook waardevol om moeite te doen met die keuse van ‘goeie boeke’ vir hulle eie lees en ook vir wat hulle aan my moet voorlees. Dit impliseer dat in ons huis het ons nie net enigeiets gelees net om te lees nie, want die keuse van boeke is belangrik vir ons.
- Daar is ‘n gesegde ‘om te lees moet mens lees’ – so hou aan om vir jou kind voor te lees. Moenie ophou wanneer hulle self kan lees nie, want die brein het byna twee tot drie ure per dag nodig van die hoor van *gesofistikeerde linguistiese patrone* om ‘n goeie basis te skep vir die gebruik van daardie taalpatrone hetsy in verbale of geskrewe vorm.
- Memoriseer klomp poësie en/of Skrif. Hoe meer ‘n brein memoriseer, hoe meer neurale konneksies word gevorm. Dit maak nie regtig saak wat memoriseer word nie.

Onthou dat jou voorbeeld en leefstyl ook beïnvloed hoe graag ‘n kind wil leer lees. As lees ‘n tydverdryf vir die ouers en ‘n manier van ontspan is, sal die kinders moontlik ook graag die ‘saamwees’ lees ding wil doen. Maar moenie vergelyk nie en moenie angstig raak oor hierdie basiese vaardigheid nie. Ek het op ‘n keer gehoor van ‘n ma wat met ons gedeel het oor haar seun wat glad nie wou leer lees nie, maar hy was handig met sy hande en meer geinteresseerd om dinge te maak en te bou. Na baie stres en probeer het sy uiteindelik moed opgegee en net die hele proses gestop. Op ouderdom 12 jaar, haal die seun toe ‘n elektroniese apparaat uitmekaar en hy wil dit toe weer aanmekaar sit in ‘n ander formaat, maar hy moes die instruksies lees ! Met die gevolg dat hierdie ‘dringende behoefte’ hom toe gedwing het om homself te leer lees in 2 weke ! Hierdie is dalk ‘n goeie storie maar die meeste van ons sal seker nie die geduld/moed hê om dit net te los nie, maar mag dit ons herinner om nie meer as nodig te stres as dit by leer lees kom nie.